

3 Februarie

Skrifgedeelte: Eksodus 20:1-6; Jesaja 40:25-31; Heidelbergse Kategismus Sondag 35

Fokusgedeelte: Eksodus 20:4-6

Koester jy dalk vals (denk)beelde van die Here? (Tweede Gebod)

In die eerste gebod word gehandel oor die ware *godsdiens*. In die tweede gebod gaan dit oor die ware *erediens*. Hier sê die Here dus vir ons hoe Hy gedien wil wees en waarsku Hy ons teen enige poging om Hom af te beeld ten einde Hom “nader te bring” of manipuleerbaar te maak.

Presies dít is wat die heidene in Kanaän gedoen het: hulle het beelde van hulle gode gemaak in ’n poging om “beheer” oor hulle te verkry. Daarom was dit nodig dat Israel op die drumpel van die Beloofde Land dringend teen hierdie gevaarlike praktyk gewaarsku moes word.

Dit is onwaarskynlik dat enigeen van ons gesnede beelde van God in ons huise het. En tog: Wat van al daardie valse godsbeelde wat mense in hulle koppe rondra? Is jy seker dat jy nie dalk – soos Juda – vals denkbeelde van God het nie? Hierdie vals denkbeelde was juis die oorsaak van die Babiloniese ballingskap:

- Teenoor ’n alsiende God het Juda ’n god met beperkte oogsig begin dien. Daarom het hulle gemeen dat hulle Hom met hulle formalisme om die bos kon lei.
- Teenoor die feit dat God die God van waarheid is, het die volk ’n god begin dien wat niks vir die waarheid omgee nie. Daarom het leuens en ontrou op alle vlakke gedy.

In die profesie van Jesaja word duidelik aangetoon hoe gevaarlik dit is om valse denkbeelde van God te hê. Dit eindig in ballingskap! Maar daarteenoor: Indien ’n mens God ken en dien soos Hy geken en gedien wil wees, is jy ’n jubelende mens met diepe sekuriteit. Dan hardloop jy sonder om moeg te word en jy vlieg met die magtige geloofsvlerke van ’n arend!

Sing: Psalm 84:1, 5, 6 (Totius)

Ds. JJ Cloete (Waterberg)